**24 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:12 (lees ook Matt. 18:15-35) (1933/1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:12; 18:35; HK Sondag 51**

**Die vyfde bede: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe***

Wanneer ons bid om die vergifnis van ons sonde, dan erken en bely ons dat ons lewe vol sonde is. Vir die mens is dit dikwels moeilik om te erken dat ons in ons wese met sonde besmet is. In die vyfde bede bring ons ons skuld voor die Vader. In die vierde bede was ons liggaam se nood voor God, nou, in die vyfde bede, die nood van ons siele.

Hierdie bede bring ons by ons eie sonde, die vergifnis wat ons van God ontvang en hoe daardie vergiffenis ons ook oproep om ander te vergewe. Almal sondig. Juis daarom is die vyfde bede vir almal nodig. Ons bid om vergifnis.

Die sonde bring 'n kloof tussen ons en God, maar Christus het hierdie kloof kom oorbrug. Daarom kan ons met vrymoedigheid bid: *Vergewe ons*. Matteus 18 leer ons mooi van 'n koning wat skuld afskryf, maar ook hoe belangrik dit is om weer skuld van 'n ander af te skryf. Vergewing beteken om twee partye wat van mekaar verwyder was, weer bymekaar te bring. Al hoe ons van ons skuld kan ontslae raak en weer met God versoen kan raak, is deur Christus. Christus het dit vir ons gedoen.

Vanweë die groot vryspraak wat ons ontvang het, het ons ook die roeping om hulle vry te spreek wat teen ons oortree. Ek het vergifnis ontvang, ek moet ook weer vergifnis onvoorwaardelik uitdeel. Tog dink ons so maklik anders: ons wil graag vrygespreek word, maar ons wil nie vergewe nie. God se vergewing moet ons só aangryp dat ons nie anders kan as om ander te vergewe nie.

In die vyfde bede bid ons om genade. Die Bybel dui ons sonde met allerlei woorde aan: sonde, skuld, nietigheid, afwyking, wetteloosheid, kromheid, opstandigheid, verkeerdheid van wil, verduistering van verstand. Sonder vergiffenis van sonde kan ons nie die koninkryk van God ingaan nie. Ons pleit in hierdie bede dat Christus 'n streep deur al ons skuldinskrywings sal trek. En omdat Hy dit gedoen het, kan ons ook ons skuldenaars vergewe. Hoe groot is die genade van God!

*Sing: Psalm 130:2 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)*